Redaksioneel

’n Studieprojek oor die *vrou in kerk en samelewing* onder leiding van Fika Janse van Rensburg het verlede jaar ten einde geloop. In hierdie uitgawe is nog twee artikels wat direk voortvloei uit hierdie navorsingsprojek van die Fakulteit Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Hoewel die uitgangspunte in albei artikels aansienlik verskil van die reformatoriese teologie wat met *In die Skriflig* geassosieer word, bied die twee artikels waardevolle agtergrond oor standpunte wat in akademiese kringe gehuldig word oor die posisie van die vrou en oor Skrifbeskouing.

- Kari Syreeni (p. 395) handel oor die vraag of daar in die Pauliniese corpus sprake is van ’n Christelike patriargalisme van liefde. Hy werk met die begrip van Pauliniese en deutero-Pauliniese briewe en probeer agter die teks uitkom by die (veronderstelde) sosio-historiese situasie van die eerste ontvangers van dié briewe.
- Pieter Botha (p. 505) besin oor die rol wat Markus aan vroue toeken. Die boek Markus weerspieël volgens hom die samelewing van die Romeinse en Mediterreense wêreld van die eerste eeu n.C. In die artikel word spesifiek besin oor die aard van Skrifgesag.

In 2002 was dit 350 jaar sedert die (blanke) volksplanting aan die Kaap, waartydens die *gereformeerde godsdiens in Suider-Afrika* ’n vastrapplek gekry het. Drie artikels (twee navorsingsartikels en een fokusartikel) sluit daarby aan:

- Amie van Wyk (p. 345) vra of die sogenaamde Nuwe Hervorming werklik hervorming is (in die sin van die sestiende-eeuse Hervorming) en of dit werklik nuut is. In ’n ontleding van leerstellings van dié rigting in die teologie antwoord hy dan ontkennend: die Nuwe Hervorming is nie nuut nie en ook nie ’n hervorming nie. Hy toon ook aan dat daar aspekte is van die Nuwe Hervorming waarvoor daar waardering kan wees.
- Dries du Plooy (p. 485) besin oor rol wat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sedert 1859 gespeel het.

- Amie van Wyk (p. 557) dek ongeveer dieselfde veld as laasgenoemde en ontleed spesifiek positiewe en negatiewe gestaltes in die bydrae van die GKSA. Hierdie artikel sluit ook inhoudelik aan by die artikel oor die Nuwe Hervorming.

Verhandelings/skripsies vir meestersgrade en *proefskrifte* vir doktorsgrade vind gewoonlik neerslag in artikels. Soms word die artikels deur die gegradueerde of graduandus self vir publikasie aangebied en soms vind dit plaas in samewerking met die studieleier of promotor. In hierdie uitgawe is vier sulke gevalle:

- Hans van Deventer (p. 323), wat onlangs sy doktorsgraad in Ou Testament verwerf het met ’n proefskrif oor Daniël, ondersoek Daniël 2 met gebruikmaking van historiese, teksimmanente en lesersverwante metodes.
- Wilhelm Leuschner het in 2001 ’n M.Th.-skripsie oor die erediens as instrument in gemeentebou geskryf. In ’n artikel (p. 439) spits hy die onderwerp saam met Ben de Klerk toe op die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- Ferdie Kruger se Th.D.-proefskrif (2002) het oor prediking en gesindheidsverandering in die lig van Hebreërs gehandel. In sy artikel (p. 462) saam met Cassie Venter gee hy die resultate van ’n homileties-empiriese ondersoek van prediking en gesindheidsverandering.
- Die derde artikel in hierdie uitgawe wat oor praktiese teologie handel, is dié van Griffel van Wyk en Cassie Venter (p. 533) en handel oor die gelowige ouer as geloofsvoorbeeld.

Paul Krüger
Redakteur: *In die Skriflig*